Raak skeppend en kry vir jou 'n hekeldingetjie. Maak die besonderse beddeken en gebruik dit ook as inspirasie om jou eie ontwerp te maak. Deur Retha Krieg

## BENODIGDHEDE

DMC Traditions hekelgare nr. 10 (56 g-bolle); wit en ecru, die hoeveelheid hang af van die grootte van die deken wat gemaak word; hekelpen van 1,50 mm – 2,00 mm, om by jou werk te pas.

Vir een vierkant met springmieliepatroon: 70 g ecru, 30 g wit (diagram A).

Vir een vierkant met kabelpatroon: 50 g ecru, 30 g wit (diagram B).

## MATE

Die deken op illustrasie = 130 x 130 cm.


## AFKORTINGS & SIMBOLE

**Beg** – begin
**Goh** – garing oor hekelpen
**Vlg** – volgende
**St(e)** – steek(steke)
**Herh** – herhaal
**Ks** – kettingsteek
**Hkb** – halfkortbeen
**dsl** – drieslagsteek
**Kb** – kortbeen
**Lb** – langbeen
**Drlv** – dubbelreliëflangbeen voorlangs
**Drla** – dubbelreliëflangbeen agterlangs
**Smst** – springmieliesteek, gevorm deur 5 onvoltooide lb, in dieselfde st gemaak en saam afgewerk, soos volg: *goh, steek pen in vlg st, trek 'n lus op, goh en trek deur 2 lusse, hou laaste lus op pen*; herh van * tot * nog 4 keer in dieselfde basissteek – 6 lusse op pen, goh en trek deur alle lusse.
**Reliëflangbeen aan voorkant van werk:** die eerste ry bestaan altyd uit lb en 3 draaiks. Vlg ry: goh, steek pen van voor na agter deur "spasie" voor vlg lb, bring dit aan voorkant weer uit deur "spasie" na dieselfde lb en trek 'n lus deur rondom en regop "stafie" van die lb, (goh en trek deur 2 lusse op pen) 2 keer; dit voltooi 'n rlv.
**Drlb** – goh 2 keer, soos vir dubbelslagst, voltooi verder soos uiteengesit.
**Reliëflangbeen aan agterkant:** dit word begin van agter na voor rondom vlg lb en voltooi orige soos uiteengesit.
Drlv soos rlv, maar slaan gare 2 keer om pen, soos vir dubbelslagsteek.
**Drla** – soos vir drlv, maar agterlangs.

- kettingsteek
- halfkortbeen
- kortbeen
- langbeen
- dubbelreliëflangbeen voorlangs
- dubbelreliëflangbeen agterlangs
- springmieliesteek
- drieslagsteek
- reliëflangbeen voorlangs (rlv)
- reliëflangbeen aan agterkant (rla)

# HEKELWERK KRY






# NUWE AANSIEN

foto DMC creative world

## DIAGRAM A
### Springmieliesteek-patroon

1e en alle onewe rye: deurgaans kb.
2e ry: 1 ks, *1 kb, 1 smst, 1 kb*; herh van * tot * tot laaste 2 ste, eindig met 2 kb.
4e ry: 1 ks, 1 kb, *1 kb, 1 smst, 1 kb*; herh van * tot *, eindig met 1 kb.
6e ry: draai-ks, *1 smst, 2 kb*; herh van * tot * tot laaste 3 ste, 3 kb.
Hierdie 6 rye word herhaal tot die werk lank genoeg is.

## DIAGRAM B
### Reliëfkabelsteek-patroon

1e ry: 3 ks vir 1e lb, 1 lb in elke st tot einde.
2e (RK-)ry: 3 ks vir 1e lb, 1 lb in elk van vlg 2 ste, *drlv in vlg st, 1 lb, slaan 3 ste oor, 1 driesl in elk van vlg 3 ste, gaan terug na ste wat oorgeslaan is en maak 1 driesl in elk van die ste, agterlangs, 1lb in vlg st*.
Herh van * tot *, eindig met 3 lb.
3e ry: 3 draai-ks, 1 lb in elke st, maar hekel drla in plaas van drvl .
Herh 2e en 3e ry soos benodig.

### Aanwysings

Die deken bestaan uit 13 vierkante volgens diagram A en 12 volgens diagram B.

### Vierkant A

Gebruik ecru dubbel, maak 58 ks, draai, en beg met 1 ks vir 1e kb, 1 kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1 kb in elke ks tot einde - 57 kb.

Gaan voort volgens diagram, draai altyd met 1 ks tot vierkant 21 x 21 cm groot is. Slaan dan oor na wit, enkel gebruik, en hekel 'n rand kb rondom, met (1 kb, 3 ks, 1 kb) in elke hoek-st.
Gaan so voort tot rand 2,5 cm breed is, knip werkdraad af en werk af. Maak 13 sulke vierkante.

### Vierkant B

Begin met ecru, enkel gebruik, maak 70 ks, draai, 1 lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1 lb in elke ks tot einde.

Raadpleeg diagram, gaan voort tot werk 21 x 21 cm groot is. Slaan dan oor na wit, enkel gebruik, en hekel 'n rand kb rondom, met (1 kb, 3 ks, 1 kb) in elke hoek-st. Gaan so voort tot rand 2,5 cm breed is, knip werkdraad af en werk af. Maak 12 sulke vierkante.

### Afwerking

Plaas die A- en B-patrone in afwisselende blokke en rye, van 5 elk, begin met 'n ry A, B, A, B, A.

Hekel die vierkante met kb aan mekaar vas. Werk enige los draadjies netjies af. Volg versorgingsaanwysings op strokie. ❑

Reliëflangbeen, agterlangs = rla



Reliëflangbeen, voorlangs = rlv



